

Die Lewende Kerk



Bergbron Gemeente

Omgee-gemeente, gesalf vir genesing en bevryding

Sondag 21 Januarie 2018

Baie Welkom by ons Erediens!

www.bergbron.org.za

Erediens

Vandag se erediens word gelei deur ds Stephan Briel

Lees: Mat 8:18-27.

Fokus: Mat 8: 25, 26.

Uitlewing van jou roeping bring vrede en hoop.

Omgee:



- Pieter Le Roux moet weer teruggaan vir verdere behandeling in Flora Kliniek.
- Chatye Rensburg sterk tuis aan na 'n hartaanval.
- Johann Marshall, Anneliese se man, het Woensdag spesialisite besoek.
- Oom Hekkie word behandel vir sy oë.
- Hefer Venter sterk aan na 'n knieervanging.

Offergawes:

Offergawes: 'D' gemerk: vir behoeftiges. Ongemerk: instandhouding v/d erediens.

Afkondigings:

- Ds Stephan is met **verlof van 22 – 28 Januarie** . Pastor Gordon kan gekontak word indien nodig.

- Vandag vanaf **09:00** begin **Kinderkerk byeenkomste** vir al die kinders van kleuter- tot laerskool-ouderdom (Gr. 7). Ons soek steeds na een of twee jong dames wat gereeld by die kinderkerk betrokke kan wees. Gesels met Ankie of ds Stephan as jy belangstel.
- Die **Gemeente toerusting** en **Hoërskoolkategese** begin ook vandag, om **17:00**. Die onderwerpe is op die Bergbron kalender aangebring.
- Vanoggend na die erediens vier ons ds Stephan en Ilse-Marié se **verjaardae**, sowel as pastor Gordon en Stella s'n. Ons geniet tee of koffie met 'n paar verversings in die saal. Dankie aan almal wat die eetgoed versorg het en vir die dames wat help skink en opwas.
- Volgende **Oorwinnaarsnaweek** word beplan vir **9-11 Februarie by Linden GK**. Koste is R200 per persoon of R300 per paar wat 'n werkboek en etes vir die naweek insluit. Besprekings kan by Celeste (082 372 8684) gedoen word.
- Die **geel Bergbron kalenders** in die rakkies is gratis en help jou om te beplan om die verskillende geleenthede wat jy behoort by te woon in jou dagboek in te vul. Indien jy op die e-pos adreslys is, het jy dit ook per e-pos ontvang.
- **Vir afkondigings of berigte** (asb. voor Donderdag) in DLK kontak Ankie (011 673 9705, pieterankie@eject.co.za of sms na 072 651 8286).



Nuus van die Kerkraad – ter herinnering 😊

- Finansies: met groot dank aan die Here kan die Finansies Diensgroep sê dat dit beter gaan met ons gemeente se finansies as 'n rukkie gelede. Waar die term 'ICU' gebruik was, kan nou gepraat word van 'Hoërsorg'. Baie dankie vir elke tiende wat getrou gegee word – onthou asseblief om ook tydens die vakansiemaande jou bydrae te gee.
- Die Eiendomse Diensgroep gaan aandag gee aan die volgende prioriteite:
 1. Dak by toring;
 2. Storm- en grondwater dreinerings agter klaskamers;
 3. Stoof
 4. Elektriese grasmaasjien;
 5. Deur regmaak in gangetjie by kuierkamer.
 Bied gerus jou hulp en kundigheid aan, of gee 'n donasie as jy kan.
- Pastoor Makgauta het met Engelse bediening begin, elke Sondag van 10:30 – 13:30. Sy gaan op proefbasis die groot klaskamer gebruik.

Gebed NB: GEBED IN DIE KUIERKAMER ELKE SONDAG OM 8:00

Is ons al daar?

Hi almal,

Wag op die Here! Wees sterk en hou goeie moed! Ja, wag op die Here! Psalm 27:14, 1953 vertaling

Aan die einde van 2017 het ons geëindig met programme en sake wat nie so gerealiseer het soos wat ons gedink het nie. Ons het almal in ons bediening en beroepe reeds 'n saamgestelde plan vir 2018.

Is dit God se plan?

Vroeg in Januarie het ek 'n e-pos uitgestuur met die titel: "Klip in die Bos..... Sou wonderlik wees indien ons as Gemeentes/Gebedsgroepe so aan die begin van 2018 by die Here kan gaan sit, ons planne voor Hom neerlê en wag om te hoor wat God se plan vir ons is. Hoor graag van julle."

Dit sou 'n wonderlike wêreld gewees het as alle mans heeltyd so baie geduld kon hê soos wat hulle het terwyl hulle wag vir die vis om te byt.

Of soos 'n kind op die agtersitplek in die motor wat vra...**IS ONS AL DAAR!**

Ons almal het seker al die langpad geneem met kinders in ons motor. Sodra jy 'n ent gery het, kom die volgende sin elke keer voor op die reis – **Is ons al daar?** Dit kom gewoonlik verskeie kere voor.

Enersyds is daar entoesiasme en afwagting te bespeur. Jou bestemming mag 'n nuwe plek of vakansie wees, 'n plek waar julle nog nie voorheen was nie. Die kinders is so entoesiasties en wil dadelik **daar** uitkom!

Andersyds is daar ook 'n ongeduld te bespeur. Hoekom is ons nog nie **daar** nie? Hoe lank nog voor ons uiteindelik **daar** is? Dit vat nou te lank!

Ons lewens is 'n reis. Indien ons vervulling soek, indien ons hart en siel wil sing, moet ons eers die "**daar**" vind. Daar beteken om ons volle potensiaal en doel te bereik. Dit verskil vir elkeen van ons. Sommige mense vind hulle vreugde en roeping in die opvoeding van kinders, om 'n Onderwyser te wees of om bemarking te doen, om 'n Kunstenaar of 'n Musikant of selfs om 'n Besturende Direkteur te wees.

Nie een van ons weet hoe lank ons reis op aarde is nie. Dit is dus belangrik om voort te gaan en jou te strek om **daar** uit te kom! Netso is dit belangrik om nie te verdwaal nie.

Op elkeen se reis gaan ons baie verkeerde afritte neem, ons gaan ompaaië neem en die lang roete neem om daar uit te kom. Dit is deel van van ons reis.

Soos wat ek aangaan in my soeke vir die **daar**, het ek die afgelope maand besef dat ek eintlik die reis geniet. Soos 'n kind op die agterste sitplek wat ongeduldig vra "Wanneer is ons uiteindelik **daar**, Wanneer!"

Ek het ook besef dat ek nie waardering het vir die mylpale wat ek bereik het soos wat ek op die pad gebly het nie. Tog het ek op die pad die kompas van my hart gevolg. Dit is soos 'n rit wat jy neem per motor na die pragtige Worcester, oor die Paarl, en nie by die venster uitkyk en die pragtige landskap waardeer nie. Om werklik die skoonheid te waardeer beteken dat jy moet stop en vertoef. Daar is tog 'n rede hoekom daar uitkykpunte is. Dit is bedoel om te stop en die skoonheid te bewonder.

Netso is dit belangrik om by 'n vulstasie te stop en te rus. Indien ons dit nie doen nie gaan daar nie enige een oor wees as ons daar aankom nie.

Laat ons aanhou op ons reis na **daar** maar onthou om jou reis te geniet al moet jy soms wag.

Dalk het die Apostel Paulus die "**daar**" die beste opgesom toe hy gesê het, "Nie dat ek dit alles al bereik het, of al klaar volmaak is nie. Maar ek hou aan jaag om dit myne te maak omdat Christus Jesus my Syne gemaak het! Nee, lieve broers en susters, ek reken self nie dat ek al is wat ek moet wees nie, maar een ding is seker: ek vergeet wat agter my lê, en strek my uit na wat voorlê." *Filippense 3:12-13*

Seën

NS!! Waardeer die "uitkykpunte, vulstasies en kom sit by My tye"

Wil jy by die gemeente aansluit?

Neem 'n pienk vorm en vul asb. volledig in. Gee dit dan vir ds. Stephan. Hy sal jou kontak vir 'n afspraak.

Lekker verjaar ...!

| | | Verjaardae in die week: | |
|-------|--------------------|-------------------------|--------------|
| 23/01 | ILSE-MARIÉ BRIEL | 084 504 0648 | 011 477 2133 |
| 24/01 | JOHANNA JOUBERT | 073 186 6167 | |
| 24/01 | LOUISE SNYMAN | 082 339 1392 | 011 673 0028 |
| 27/01 | HANNES JOUBERT | 078 594 8643 | |
| 27/01 | EUGENE VAN NIEKERK | 073 133 1214 | |

Mag die Here jou oorvloedig seën

Die Lewende Woord vir Jou

Prediker: Ds Stephan Briel

Lees: Mat 8:18-27.

Fokus: Mat 8: 25, 26.

Uitlewing van jou roeping bring vrede en hoop.

- Uitsprake van Jesus oor die hoë eise om volgeling van Hom te wees (verse 18-22), word in die stormsee skielik uiters realisties vir sy dissipels.
- Jesus lê en slaap te midde van hierdie lewens-gevaarlike storm: Uitlewing van jou God-gegewe roeping bring vrede en hoop ten spyte van onstuimige omstandighede.
- Ons lees ook in die Bybel dat kerkmense agv verkeerde motiewe kan slaap soos Jona. In Jona se geval maak die wêreld die kerk wakker om sy roeping uit te leef.
- Ook Petrus kon slaap in die tronk (Hand 12:5,6) omdat hy besig was om God se roeping in sy lewe uit te voer.
- Die vraag is uiteindelik nie: Is Jesus in die skip? nie, maar eerder: Is ons in die skip saam met Jesus? Volg ons Hom na deur ons roeping uit te lewe?
- Die uitroep: “Here, red ons!” is met die kruis beantwoord. Daarom is daar hoop. Deur Jesus se kruis is ons meer as oorwinnaars!

Vir nadenke en gesprek by selgroepe en huisgodsdienste:

- Hoe is dit moontlik dat Jesus kan slaap te midde van hierdie lewens-gevaarlike storm?
- Noem die verkeerde motiewe waarom kerkmense slaap en die wêreld ons moet wakker maak om ons roeping uit te leef.
- Is jy in die skip saam met Jesus? Volg jy Hom na deur jou roeping uit te lewe?

Saamtrek by Randburg – 10 Maart 2018

- Koste R 110, bring asb. ook 'n blikkie kos saam en trek vrolik aan! Meer inligting volg.